Wat Is Die Heilige Gees?

. . . kwalik vir 'n byeenkoms. Hierdie byeenkoms gaan 'n bietjie anderse byeenkoms wees as wat ons gewoonlik hier het. Meestal, elke keer wanneer ons hier bymekaarkom, dis 'n byeenkoms om . . . vir die genesing van die siekes en vir die fisiese behoeftes. Dus die klem word daarop geplaas. Maar vanaand het ons hierdie herlewing begin vir die genesing van die siel, die—die gees van die man.

Alhoewel, die Here wil, Sondagoggend, by Sondagskool, Sondagoggend, gaan ons gebed hê vir die siekes en 'n gewone gebedslyn, vir Sondagoggend, die Here wil. En hierdie weeksaande, word ons grootliks gedring om te praat oor die Ewige dinge vir die—die siel.

2 Nou, ons weet dat wanneer 'n—'n liggaam genees is, dit maak ons almal bly, want ons weet dat dit definitief wys dat ons God die siekes genees. Maar daardie siek persoon, as hulle lank genoeg lewe, sal miskien weer siek wees, miskien met dieselfde siekte waarvan hulle genees is, en dit neem nie genesing weg nie. Die dokter sal medisyne vir longontsteking gee, en miskien twee dae later sal hulle sterf met longontsteking nadat hy hulle gesond verklaar het. Dit kom weer voor. Maar wanneer die siel genees is, jy het dan, in jou, Ewige Lewe.

3 En ek glo dat ons so naby aan die Koms van die Here Jesus is, dat dit ons betaam om alles te doen wat ons moontlik kan om elke siel na die Koninkryk te bring, en die Koninkryk te bring na die mense, dat ons genees mag word van ons geeste. Ek glo dat die liggaam van Jesus die siekste liggaam is waarvan ek weet; dit is die—die liggaam, geestelike liggaam van Christus op aarde, is baie siek.

4 En nou, ons beplan nie om julle te lank te hou elke aand nie, want op die eerste aand het ons nie genoeg ruimte gehad om ons geliefde vriende te laat sit nie. Ons is in die projek om 'n nuwe kerk te bou, 'n groot tabernakel reg hier op hierdie erwe, of waar ook al die Here sal lei; maar sover as ons weet, hier.

5 En nou ons het die byeenkoms uitgegee, Woensdag tot Sondag. Maar dan teen Sondag, breek dit in op

Kerfeesvakansie, maar dit . . . wanneer ook al die Here ons sê om te stop, dit sal die tyd wees. Ons weet net nie wat die resultate sal wees nie. Maar glo dat die mense hier by die tabernakel en ons susterkerke, wat is, een van hulle is—is die heiligheidtabernakel by Utica, wat Broer Graham Snelling die pastoor is, en in New Albany waar Broer—Broer Junie Jackson pastoor is, en ook uit op die hoofweg waar Broer Ruddell pastoor is. Ons en hulle is susterkerke van hierdie tabernakel, ons probeer om te bring die . . . ons mense na ’n beter gemeenskap met Christus. Dis ons doel. So ek het gekies om te lees en te leer oor, vir die volgende paar aande . . .

6 Vanaand wil ek praat oor die onderwerp van: *Wat Is Die Heilige Gees?* En môreaand, ek wil preek oor: *Waarvoor Was Dit Gegee?* En Vrydagaand . . . En, aan die opnemers, ek wil nie hierdie opgeneem hê Vrydagaand nie: *Hoe Kry Ek Die Heilige Gees?* en *Hoe Weet Ek Wanneer Ek Dit het?* En dan sal ons net laat, dan sien wat die Here ons sal lei, vir Saterdag en Sondag. En Sondagmôre, ’n genesingsdiens, en nog ’n evangelistiese diens vir Sondagaand.

7 En nou wil ons almal laat weet dat . . . En ek weet die opnemer loop in die agterste kamer, en ons wil dit sê. Want, in hierdie byeenkomste soos hierdie, oor die evangelistiese tipe, ons het mense van verskillende denominasies van kerke wat geleer is in hulle eie sfeer van geloof, elkeen. En dis alles reg. Ek wou nooit skuldig wees aan tweedrag saai tussen broers nie. En buite in die byeenkomste, ek preek net oor die groot evangeliese Waarhede van die Skrif, waarin broers wie my byeenkomste borg in glo. Maar, in die tabernakel hier, ek—ek wil praat oor wat ons glo. Daarom, as julle—as julle dit nie verstaan nie, ek sal baie bly wees om ’n klein briefie of nota van julle te kry, om my ’n vraag te vra oor hoekom ons dit so glo. En ek sal dit graag probeer verduidelik die beste wat ek kan.

8 Julle weet, elke kerk, as jy nie ’n doktrine het nie, is jy nie ’n kerk nie. Jy moet iets hê waarvoor jy staan, sekere beginsels wat jy onderhou. En ongeag van wat ’n persoon se affiliasie of denominasie mag wees, as daardie persoon gebore is van die Gees van God, daardie is my broer of my suster, ongeag van . . . Ons mag verskil in ander dinge, sover as ooste vanaf die weste, maar ons is steeds broers. En ek sal niks doen behalwe om daardie broer te help vir ’n nadere, beter wandel met Christus nie. En ek glo enige regte, ware Christen sal dieselfde vir my doen.

9 Nou, ek het hierdie tabernakel gevra . . . Nou, ons gaan nie net hierin vir 'n uitgerekte byeenkoms nie. Ek wil hier ingaan en ek wil julle, en ek het julle gevra, om elke brug wat agter julle is, te verbrand, en elke sonde reg te maak, dat ons hier inkom met alles wat in ons harte en lewens is. Ons moet hiernatoe kom vir die alleendoel om ons siele gereed te kry vir die Koms van die Here, en vir geen ander doel nie. En soos ek gespreek en gesê het, dat miskien partymaal mag ek iets sê of leer wat 'n klein bietjie teenstrydig mag wees met wat iemand anders, die manier wat hulle dit glo. Ek—ek het—het nie gekom vir kontroversie nie, julle sien, ek—ek kom . . . Ons is hier om gereed te maak vir die Koms van die Here. En ek dink dat hierdie klein groepie . . .

10 Ek het sommige besoekende broers by my hier weet ek, vanaf verskillende plekke, en ons is bly om hulle te hê. En geen twyfel maar dat buiten die gehoor hier, daar is andere vanaf buite die dorp, vanaf buite vanaf rondom ons klein omliggende stede hier. En ons is bly om julle te hê, en waardeer julle so, as julle ons goed genoeg lief het om te kom om hierdie dinge te hoor. God . . . Mag julle saam met julle huis toe neem, my broer, suster, die rykste skatte wat God in julle hart kan stort, is my gebed.

11 En aan hierdie klein tabernakel, siende dat ek glo dat dit is een van die beste mense wat ek glo wat op aarde is, gaan na hierdie tabernakel. Nou, ek het nooit gesê, "al" die beste mense nie. Ek het gesê sommige van die beste mense op aarde gaan na hierdie tabernakel. Maar soos dag na dag, terugkomend, terug, van byeenkoms na byeenkoms, ek sien 'n groot behoefte vir hierdie tabernakel, 'n groot behoefte daarin, en dis vir 'n vulling, of 'n toewyding, 'n dieper lewe, 'n nader wandel met God. En ek het hulle beloof om dit te doen, om hierdie Boodskappe vir hulle te hê. En ons is bly om julle in te bring in gemeenskap met ons rondom die Woord van God, soos ons onderig en probeer uitbring.

12 Nou, die eerste drie aande sal ons nie 'n onderwerp neem om oor te preek nie, maar 'n Boodskap om te onderig vanaf die Woord van God.

En nou, vir, ek sal nie enigiemand iets vra om te doen wat ek nie self sal doen nie. En hierdie week was 'n totale Golgota vir my. Ek was so na aan—aan die uitdoof, soos ek dit sou stel, totdat ek amper buite myself was. Maar ek het elke wil totaal oorgegee, en alles waarvan ek weet, aan die Here.

13 Die ander aand, by omstreeks 'n bietjie na middernag, die vrou en ek, na wakkerbly, en bid en praat met die Here, om die klein voetstoel in die . . . ons voorkamer, met twee ge-opende Bybels, ons het onsself opnuut aan God toegewy vir 'n totale diens, dat ons al ons eie wille sou oorgee, en alles, en elke negatiewe gedagte, en om die Here Jesus te dien.

En ek vertrou dat dit julle houding was, ook, dat julle dieselfde ding gedoen het. Dan wanneer ons kom vanaand, kom ons op heilige gronde, tussen mense wie gebid het en gevas het, en herstellings gemaak het, en gereedgemaak het om iets van God te ontvang. En ek weet dat hy wat honger sal kom nie honger sal weggaan nie, maar God sal voed met die Brood van die Lewe.

14 Nou, voordat ons lees uit Sy heilige Boek, laat ons ons hoofde buig net 'n oomblik vir gebed.

15 Here, daar was alreeds gebed geoffer in hierdie plek vanaand. Daar was . . . die gesange van Sion is gesing deur U kinders. Hulle harte is opgelig. En ons het hier gekom om onsself toe te wy aan U, en U te aanbid van uit die dieptes van ons siel. En ons roep dit na U herinnering, Here, dat U gesê het toe U gesit het op die berg en U dissipels geleer het, "Geseënd is hulle wat honger en dors na geregtigheid, want hulle sal gevul word." U het dit belowe, Here. Ons kom vanaand met ope harte. Ons kom, honger en dors, en ons weet U sal U belofte hou.

16 Soos ons poog om hierdie heilige bladsye van die Bybel te open, om Daaruit te lees die inhoud, mag die Heilige Gees Dit net na elke hart neem. En mag daardie Saad val onder in diep, ryk geloof wat sal voortbring elke belofte wat die Woord gemaak het. Hoor ons, Here, en reinig ons, en toets ons. En as daar enige onrein ding omtrent ons is, Here, enige onbelyde sonde, enigiets wat nie reg is nie, openbaar dit net nou, Here, ons sal dadelik reguit loop en dit doen, want ons besef ons lewe in die skaduwee van die Koms van die Here Jesus. En ons het, O Heilige God, gekom in die skaduwee van U—U regverdigheid vanaand, en ons pleit vir 'n nuwe inseëning, en toewyding, en vulling van die Heilige Gees in ons lewens.

17 Sien die herlewingsvuur begin te doof, laat ons hout van die Woord opgooi, dat Dit 'n nuwe vuur mag aansteek, dat ons harte vol ywer sal wees. Heilig ons, Here, deur U dierbare Woord en U Bloed, en U genade, pleit ons. En alle dank en lof

sal U s'n wees. Neem alle vooroordeel uit ons harte. Reinig ons, O Here. Gee ons suiwer harte, en skoon hande, en skoon gedagtes, dat ons mag inkom in U heiligdom, aand na aand, jubelend en gevul met U Gees. Ons vra dit in Jesus se Naam, en Sy ontwil. Amen.

18 Ek wil die Woord lees nou net. En terwyl. . .Ek vra julle om julle Bybels te bring, julle potlode, julle papiere, vir Skrifte. As julle sou begeer om, dit sal baie goed wees. En nou terwyl julle gaan na die 7de hoofstuk van Handelinge, om te begin mee; om die vraag te beantwoord, of te begin om die vraag te beantwoord: *Wat is die Heilige Gees?*

19 Daar is niks wat Satan sal verslaan, daar was nog nooit iets op die aarde wat ooit Satan sou verslaan, soos die Woord van God nie. Jesus het Dit gebruik in Sy groot stryd; Hy het gesê, "Dit is geskrywe. . . "

20 En vanmôre, terwyl ek geluister het, 'n paar dae gelede, na 'n uitsending wat geblyk het om te probeer vertel dat die skepping net gekom het vanaf sommige as wat saamgewaai het, en sekere fosfate, en 'n paar chemikalieë van die aarde, en die warm sonskyn het die kiem van die lewe geskep en lewe uitgebring. Hoe belaglik! Wanneer die sonskyn enige kiem van die lewe sou doodmaak. Lê 'n kiem uit in die sonskyn, dit sal dit onmmiddellik doodmaak. En daar is nie so 'n ding nie; maar Satan het dit na my probeer slaan. En nadat ek my klein Rebekah skool toe geneem het vanmôre, en op die pad terug, ek het begin om die radio weer aan te sit; en ek het gedink ek sou weer inkom in daardie goed, so ek het dit net weer afgesit.

En soos ek opgegaan het met die straat, het Satan vir my gesê, hy het gesê, "Het jy geweet dat hierdie Man wat jy Jesus noem was net 'n man soos, een dag in Sy dag, soos Billy Graham of Oral Roberts. Hy was net 'n man wat hulle begin het om 'n paar mense om rondom Hom te vergader en te sê Hy is 'n groot man, en na 'n tyd het Hy groter geword, en toe het Hy geword 'n—'n god vir hulle. En nou is dit verstrooi oral oor die wêreld, sedert Hy dood is, en dis al."

21 Ek het gedink, "Hoe 'n leuenaar is jy!" En toe het ek gedraai net soos ek Grahamstraat oorgesteek het. Ek het gesê, "Satan, jy wat met my bewussyn praat, ek wil jou graag 'n paar dinge vra. Wie was dit wat die Hebreeuse profete van gepraat het wat sou kom? Wie was die gesalfde Messias? Wat was op daardie manne wat Hom vooruit gesien het en Sy lewe

vertel het, duisende van jare voordat Hy hier gekom het? Wie was dit wat dit geprofeteer het net tot die letter? En toe Hy gekom het, het hulle gesê 'Hy was getel saam met die oortreders,' en Hy was. 'Hy was gewond vir ons oortredinge,' en Hy was. 'Hy het Sy graf gemaak saam met rykes, maar Hy sou opstaan, die derde dag,' en Hy het. En toe het Hy die Heilige Gees belowe, en ek het Dit. So jy mag net sowel Daarvan wegkom, want dis geskryf in die Woord, en elke Woord is waar." Toe het hy weggegaan. Gee hom net die Woord, dit doen dit. Hy kan nie daardie Woord vat nie, want Dis geïnspireerd.

Laat ons begin lees vanaand in die 7de hoofstuk van die Boek van Handelinge.

Toe sê die hoëpriester: Is hierdie dinge so?

En hy het gesê: Manne, en broeders, en vaders, luister! Die God van die heerlikheid het verskyn aan ons vader Abraham toe hy in Mesopotamië was, voordat hy in Haran gewoon het,

En vir hom gesê: Trek uit jou land en uit jou familie, en kom na die land wat Ek jou sal wys.

Toe het hy getrek uit die land van die Chaldeërs en in Haran gaan woon; en na die dood van sy vader, het Hy hom daarvandaan laat verhuis na hierdie land, waarin julle nou woon.

En Hy het hom geen erfdeel daarin gegee nie, nee, selfs nie 'n voetbreed nie, maar Hy het belowe om dit aan hom en sy nageslag na hom as eiendom te gee, toe hy nog geen kind gehad het nie.

. . . God het aan hom dit gesê, dat sy nageslag bywoners in 'n vreemde land sou wees; en die mense hulle tot slawe sou maak en mishandel, vierhonderd jaar lank.

En die nasie aan wie hulle diensbaar sal wees, sal Ek oordeel, het God gesê; en daarna sal hulle uittrek en My in hierdie plek dien.

En Hy het hom die verbond van die besnydenis gegee, en so het hy die vader van Isak geword, en hom op die agtste dag besny; en Isak het die vader van Jakob geword, en Jakob van die twaalf aartsvaders.

22 Op hierdie plek, wil ons die onderwerp benader, wat ek dink die uitstaande onderwerp van vandag is, van die . . . *Wat is die Heilige Gees?* Wat is Dit? En nou, die rede ek het hierdie onderwerp in lyn geneem soos hierdie, jy kan nie kom en die Heilige Gees ontvang behalwe as jy weet wat Dit is. En jy kan Dit nie ontvang, as jy weet wat Dit is, behalwe as jy glo Dit is vir jou gegee, en Dis vir jou nie. En dan, jy kan nie weet of jy Dit het, of nie, behalwe as jy weet watter resultate Dit bring. So as jy geweet het wat Dit is, en vir wie Dit is, en watter aksie Dit bring wanneer Dit kom, dan sal jy weet wat jy het wanneer jy Dit kry. Sien? Dit sal dit net afhandel.

23 Net soos ek gepraat het met ons Broer Jeffries vandag, en hy het gesê, "Ek sou graag by die byeenkoms wees vanaand, maar ek sal daar wees môreaand." Hy het nie geweet die byeenkoms gaan aan nie, want ons het dit nie aangekondig nie; net reg hier. Sommige van die . . . Broer Leo en hulle het geskryf aan sommige van ons vriende en hulle vertel, buite die dorp. Wel, omdat ons nie plek gehad het nie.

24 Nou ek het gesê, "Broer Jeffries, as jy my afstuur om een van jou olieboorgate aan te skakel, en ek het niks daaromtrent geweet nie, ek sou dit waarskynlik opblaas. Ek mag die verkeerde sleutel draai of die verkeerde enjin aanskakel. Ek moet weet hoe om dit te doen voordat ek dit doen."

En dis die manier met die ontvang van die Heilige Gees. Jy moet weet waarvoor jy kom, en hoe om Dit te ontvang, en wat Dit is.

Nou, in die eerste plek, die Heilige Gees is beloof.

25 Ons kon tien weke neem en nooit . . . net die rand van hierdie onderwerp oorslaan, wat die Heilige Gees is. Maar, die eerste ding, ek wil dit benader net genoeg om 'n oorsig elke aand te gee, dan die volgende aand sien of daar enige vrae is.

26 Hoeveel hier binne het nie die Heilige Gees ontvang nie, is nie gedoop met die Heilige Gees nie? Steek jul hande op; julle weet julle is nie. Kyk net na die hande.

Nou ek wil Daaroor praat, soos die Heilige Gees 'n teken is, want Dit is 'n teken. Ons begryp dat, dat alle beloftes is gegee aan ons deur . . . Abraham was die vader van die belofte, want God het die belofte aan Abraham gegee en aan sy Saad na hom. Die belofte was gemaak "aan Abraham en aan sy Saad." En hierdie teken is aan die verbondsvolk.

27 Nou, daar is ’n groot verskil tussen net ’n Christen en ’n Heilige-Gees-gevulde Christen. En nou ons gaan dit kry van die Skrif, en dit net presies plaas in die Skrif. Die eerste plek, daar is ’n Christen wat bely om ’n Christen te wees. Maar as hierdie Christen nog nie gevul is met die Heilige Gees nie, is hy slegs in proses om ’n Christen te wees. Sien? Hy bely om Dit te glo; hy werk Daarnatoe, maar God het hom nog nie gegee hierdie Gees, van die Heilige Gees nie. Hy het nog nie daardie doelwit bereik met God nie, dat God dit herken het nie.

28 Want, dat, God het ’n verbond met Abraham gemaak, nadat Hy Abraham geroep het, wat ’n tipe is van die roep van die gelowige vandag.

Hy het Abraham geroep, en Abraham het uitbeweeg uit sy land, en ’n vreemde land binnegegaan, om tussen vreemde mense te wandel, en dit was ’n tipe van wanneer God ’n man roep om sy wreedheid te stop, sy sondes te bely. Hy draai dan weg van die groep waarin hy was, om te lewe in ’n nuwe groep, onder nuwe tipes van mense.

En toe nadat God gevind het dat Abraham getrou aan die belofte wat God hom gegee het was, dat hy die kind sou hê, en deur hierdie kind die hele aarde geseënd sou wees, toe het God sy geloof bevestig deur hom ’n teken te gee, en daardie teken was besyndenis. En besyndenis is ’n tipe van die Heilige Gees.

29 Net die einste volgende verse van hierdie hoofstuk wat ons nou net gelees het, as julle dit wil neerskryf. En die . . . Stefanus het gesê, in die 51ste vers:

> *Julle hardnekkiges . . . en onbesnedenes van hart en ore, julle weerstaan altyd die Heilige Gees; net soos julle vaders, so ook julle.*

30 Die besyndenis is ’n tipe van die Heilige Gees. En God het Abraham die—die besnydenisteken gegee nadat hy God aanvaar het op Sy belofte en uitgeloop het en ’n vreemde land binne. Sien? Dit was ’n teken.

En al sy kinders, en sy saad na hom, moes hierdie teken in hulle vlees hê, want dit was ’n onderskeiding. Dit was om hulle te skei van alle ander mense, die teken van besyndenis.

31 En dis wat God vandag gebruik. Dis die teken van besyndenis van die hart, die Heilige Gees, wat God se Kerk ’n afgesonderde Kerk van alle ander geloofsbelydenisse, gelowe, en denominasies maak. Hulle is in alle soorte van

denominasies, maar tog is hulle ’n afgesonderde volk. Jy laat my praat met ’n man twee minute, ek kan jou sê of hy die Heilige Gees ontvang het of nie; so kan julle ook. Dit skei hulle. Dis ’n merk. Dis ’n teken. En die Heilige Gees is ’n teken. En dis . . .

Enige kind wat die besnydenis in die Ou Testament geweier het, wat ’n voorskaduwee van die Heilige Gees was, was afgesny van onder die mense. Hy kon nie gemeenskap met die res van die vergadering hê, as hy geweier het om besny te word nie.

Nou beeld dit af op vandag. ’n Persoon wat sou weier om die doping van die Heilige Gees te ontvang, kan nie gemeenskap hê onder hulle wat die Heilige Gees het nie. Jy kan dit net nie doen nie. Jy moet ’n natuur wees. Soos, dis . . .

32 My moeder daar het altyd gesê, “Voëls van eenderse vere swerm saam.” Wel, dis ’n ou idioom, maar dis ’n waar een. Jy sien nie duiwe en kraaie gemeenskap hê nie. Hulle dieete is verskillend. Hulle gewoontes is verskillend. Hulle begeertes is verskillend.

En dis hoe dit is met die wêreld en met die Christen wanneer jy *besny* is met die Heilige Gees, wat beteken, “om ’n vlees af te sny.”

33 Besnydenis kan net in die manlike wees. Maar as die vrou getroud was met ’n man, sy was deel van hom, sy was besny saam met hom. Julle onthou, in Timotheüs, waar Dit daarin gesê het, “Maar sy sal gered word deur kinders te baar, as sy bly in geloof en liefde en heiligmaking met alle ingetoënheid.”

34 Nou, besyndenis. Julle weet toe die . . . Sara gelag het in die tent agter haar, by die boodskap van die Engel, toe Hy gesê het, “Abraham,” nie geweet wie hy was nie, ’n vreemdeling, “waar is jou vrou, Sara?” Hoe het Hy geweet dat hy ’n vrou gehad het?

35 En Jesus het gesê, “Soos dit was in die dae van Lot, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens.” Onthou, hierdie tekens was nie gedoen onder na Sodom en Gomorrah, in die wêreld, onder die godsdienstiges nie. Maar dit was aan die Uitverkorenes, die uitgeroeptes. En Abraham was uitgeroep. En die woord *kerk* beteken “uitgeroep; die afgesonderdes,” soos Abraham homself afgesonder het en besny is.

En toe Sara gelag het by die einste boodskap van die Engel, God sou haar doodgemaak het op die plek; maar Hy kon nie Sara pla sonder om Abraham te pla nie, want hulle was een. Sy was deel van hom. "Julle is nie langer twee nie, maar een."

36 So besnydenis, die Heilige Gees besny vandag die hart. En dis 'n teken, 'n gegewe teken.

Iemand het die ander dag gesê. . . Ek herhaal dit net, nie as 'n grap nie. Want dis die waarheid, maar dit klink soos 'n grap. Soos ek baie maal gesê het, hierdie is geen plek vir grappe nie. Maar daar was 'n klein Duitser buite op die Weskus, waar ons nou net by was. Hy het die Heilige Gees ontvang. En hy het met die straat afgegaan, en hy sou 'n klein entjie loop, en hy sou sy hande opsteek en in tale praat. En hy sou hardloop en hy sou spring, en hy sou skreeu. En hy was by die werk, aangegaan soos daardie, en sy baas het vir hom gesê, "Waar was jy?" Ek—ek hou van daardie plekke waar jy was. Hy het gesê, "Jy moes daar onder tussen daardie klomp 'nuts' gewees het."

Hy het gesê, "Dan dink jy hulle is 'nuts'?"

Hy het gesê, "Sekerlik is hulle."

37 Hy het gesê, "Wel, prys die Here vir die 'nuts'!" En hy het gesê, "Weet jy wat? Die 'nuts' speel 'n groot rol." Hy het gesê, "Byvoorbeeld, die outomobiel, jy neem al die 'nuts' daaruit, jy het niks anders as 'n klomp gemors nie." So dis net omtrent reg.

38 Jy is so anders wanneer die Heilige Gees op jou kom, totdat die verstand van hierdie wêreld nie van jou hou nie, en hulle is teen jou, en hulle wil niks met jou te doen hê nie, hoegenaamd. Jy is gebore van 'n ander Wêreld. Jy is net soveel 'n vreemdeling, tien keer meer vreemdeling sal jy wees, as wat jy sou uitgaan in die verste uitgestrekte streke van Afrika se oerwoude. Jy is anders wanneer die Heilige Gees kom, en Dis 'n teken. Dis 'n merk onder die mense.

39 Nou, jy sê, "Dan, Broer Branham, daardie teken van besnydenis was aan Abraham gegee?" Dit is waar. "En aan sy Saad?" Ja.

40 Goed, nou gaan ons blaai na Galasiërs, 3de hoofstuk. 29ste vers, en sien hoe dit van toepassing kan wees op ons. Galasiërs 3:29, en sien nou net hoe daardie besnydenis van toepassing kan wees op 'n Heiden, as ons Heidene is; wat, deur natuurlike geboorte ons is.

Nou, die eerste, ek wil die 16 vers lees.

> *Nou aan Abraham en sy saad was die belofte gemaak.* (Abraham en sy saad!) *Hy sê nie: En aan sade, . . .*

Net enige soort van 'n . . . sê, "O, ek is Abraham se sade ook." Nee. Aan 'n "Saad," Abraham se Saad!

> *. . . Nie aan sade, soos van baie nie, maar soos van een: En aan—aan* hulle . . . *En aan jou saad, wat Christus is.*

41 Christus was Abraham se Saad. Glo julle dit? [Vergadering, "Amen."—Red.] Goed, nou laat ons die 28ste en 29ste vers kry.

> *Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want ons is almal een in Christus Jesus.*
>
> *En as julle aan Christus behoort, dan is julle Abraham se saad en volgens die belofte erfgename.*

Hoe neem ons "Abraham se Saad" aan? Deur in Christus te wees, dan is ons Abraham se Saad. En wat was die Saad van Abraham? Soos, ons mag aangaan na Romeine 4 en verskillende plekke.

Abraham het nooit die belofte ontvang terwyl hy besny was nie. Om te wys dat besnydenis net 'n tipe was, hy het die belofte ontvang *voordat* hy besny was. En dit was 'n tipe, van erkenning van sy geloof wat hy gehad het voordat hy besny was.

42 Nou, wanneer ons in Christus is, word ons Abraham se Saad en erfgename met Christus, daarom, maak nie saak wie ons is nie, Jood of Heiden.

En, "die Saad van Abraham," die Saad van Abraham het die geloof van Abraham, wat God op Sy Woord neem. Ondanks van hoe belaglik Dit lyk, hoe ongewoon jy optree, hoe eienaardig Dit jou maak, jy neem God op Sy Woord ondanks alles.

43 Abraham op vyf-en-sewentig jaar oud, en Sara op vyf-en-sestig, het God op Sy Woord geneem, en alles teenstrydig daarmee genoem asof Dit nie was nie. Wat het julle gedink het die dokters gedink, van daardie dag? Wat dink julle het die mense gedink, toe hulle 'n ou man sien, vyf-en-sewentig jaar

oud, rondgaan en God loof, hy "gaan 'n baba hê" by sy vrou, en sy vyf-en-sestig jaar oud, omtrent vyf-en-twintig jaar verby menopouse? Maar, julle sien, dit maak jou snaaks optree, die geloof van Abraham.

44 En wanneer jy besny is met die Heilige Gees, Dit doen dieselfde ding aan jou. Dit laat jou dinge doen wat jy nie gedink het jy sou doen nie. Dit maak jou God se belofte neem en God glo.

45 Nou, Dis ook, behalwe 'n—'n belofte en 'n teken, Dis ook 'n seël. Nou as julle sal gaan saam met my na Romeine. Eers, wil ek hê julle moet saam met my gaan na Efesiërs 4:30, en laat ons net hier lees net 'n oomblik. Efesiërs 4:30 sê dit.

Nou, julle het so baie mense gehoor sê dat verskillende dinge seëls is. "As jy die kerk binnegaan, jy het die seël van die kerk." En sommige mense sê, "Dis onderhou 'n sekere dag, 'n sabbatdag, dis—dis die seël van God." Sommige van hulle sê, "As ons ons lidmaatskap in 'n sekere denominasie sit, ons is verseël in die Koninkryk van God."

46 Nou, die Bybel sê, "Laat elke mens se woord 'n leuen wees, en God s'n die Waarheid wees." Nou, Efesiërs 4:30 lees soos hierdie:

> *En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing.*

47 Ek sal moet 'n klein bietjie hard hierop raak nou, neerlê. Nou, julle wetlike broers bly net stil vir 'n klein bietjie. Sien? Het julle opgelet hoe lank daardie seël hou? Nie tot die volgende herlewing nie, tot die volgende keer iets verkeerd gaan nie. "Tot die dag van jou verlossing," dis hoe lank jy verseël is. "Tot die dag van jou verlossing," wanneer jy verlos word bo om by God te wees, dis hoe lank die Heilige Gees jou verseël. Nie van herlewing na herlewing nie; maar van Ewigheid tot Ewigheid, is jy verseël deur die Heilige Gees.

Dis wat die Heilige Gees is, Dis die seël van God, dat Hy gevind het. . . jy genade gevind het in Sy aangesig, en Hy het jou lief, en Hy glo jou, en Hy het Sy seël op jou gesit. Wat is 'n seël, enigiemand? Tog, 'n *seël* dui aan of beteken 'n "voltooide werk." Amen. God het jou gered, jou geheilig, jou skoongemaak, guns gevind by jou, en jou verseël. Hy is klaar. Jy is Sy produk tot die dag van jou verlossing. 'n *Verseëlde* is 'n "voltooide ding."

Wat is die Heilige Gees? Dis ’n teken. Ons gaan daarop kom ’n bietjie later aan, in ’n ander Boodskap, die teken waarvan Paulus gepraat het. Tale was ’n teken aan gelowiges. . . of ongelowiges.

48 Nou let op, maar, in hierdie, die Heilige Gees is ’n teken. Ek bedoel. . . En die Heilige Gees is ’n seël. Dis ’n teken wat God aan Sy uitverkore kinders gegee het. Om Dit te verwerp, is om afgesny te word van die mense; en om Dit te ontvang, is om klaar te wees met die wêreld en al die dinge van die wêreld, en ’n produk te wees waarop God ’n seël van goedkeuring gesit het.

49 Ek het gewerk op die spoorweg hier buite met Harry Waterberry, en ons sou afgaan om ’n trok te laai. My broer, Doc, wat daar agter staan, help trokke laai. Wanneer ’n trok gelaai word, gaan hulle deur daardie trok, die inspekteur, en as hy enigiets los vind, waar dit sou val of breek, of enigiets wat sou vernietig; hy sal nie daardie trok verseël nie totdat daardie trok so volledig gepak is, totdat dit so vasgepak en so in orde is, dat die skud van die rit nie die produk wat aan die binnekant is, sal pla nie.

50 Dis wat makeer ons word nie so baie verseël nie; ons is te los oor dinge. Wanneer die Inspekteur deurgaan, om jou lewe te inspekteer, om te sien of jy nie net ’n bietjie los is oor dinge nie, bietjie los oor jou gebedslewe, bietjie los oor jou humeur, bietjie los oor daardie tong, om oor ander te praat, sal Hy nooit die trok verseël nie. Sommige vuil gewoontes, sommige afskuwelike dinge, sommige vulgêre verstand, Hy kan nie die trok verseël nie.

Maar wanneer Hy alles in sy plek vind, die Inspekteur, dan verseël Hy dit. Durf enigiemand daardie seël oopmaak totdat daardie trok sy bestemming bereik het tot waarnatoe dit verseël is! Daar is dit. “Raak My gesalfdes nie aan nie; doen My profete geen skade nie. Want Ek sê vir julle, dit sal beter vir julle wees dat ’n meulsteen om julle nek gehang word, en julle verdrink word in die dieptes van die see, as om selfs te probeer om aanstoot te gee of ’n bietjie te skud aan die geringstes van hierdie wat verseël is.” Julle sien wat dit beteken?

51 Dis wat die Heilige Gees is. Dis jou versekering. Dis jou verdediging. Dis jou getuienis. Dis jou seël. Dis jou teken dat, “Ek is Hemelwaarts bestem. Gee nie om wat die duiwel sê nie!

Ek is Hemelwaarts bestem. Hoekom? Hy het my verseël. Hy het Dit aan my gegee. Hy het my verseël in Sy Koninkryk, en ek is Glorie-bestem! Laat die winde waai, laat Satan doen wat hy wil. God het my klaar verseël tot die dag van my verlossing." Amen! Dis wat die Heilige Gees is. O, julle moet Dit begeer. Ek kan nie daarsonder aangaan nie. Soveel kan daar gesê word, maar ek is seker julle weet waarvan ek praat.

52 Nou, ook, laat ons blaai na Johannes 14, net vir 'n oomblik. Ek hou net van die Woord! Dis die Waarheid.

53 Nou, die Gees van God, die Heilige Gees, wat is die Heilige Gees? Dit is die Gees van Christus in jou. Nou, voordat ons lees, ek wil net graag 'n paar woorde van kommentaar hier sê. Wat is die Heilige Gees? Dis 'n seël. Wat is die Heilige Gees? Dis 'n verbond. Wat is die Heilige Gees? Dis 'n teken. Wat is die Heilige Gees dan? Dis 'n. . . die Gees van Jesus Christus in jou. Sien? "'n Klein tydjie," het Jesus gesê, "en die wêreld sien My nie meer nie; maar julle sal My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot die einde van die wêreld." Gees van God in Sy Kerk!

54 Waarvoor? Waarvoor het Hy dit gedoen? Hierdie is 'n bietjie op môreaand se onderwerp. Maar waarvoor het Hy dit gedoen? Hoekom het Hy, hoekom het die Heilige Gees. . . Wat, waarvoor het Hy gekom? Waarvoor het Hy in jou gekom, waarvoor het Hy in my gekom? Was om die werke van God te laat voortgaan.

55 "Ek doen altyd dit wat die Vader behaag. Ek kom nie om My eie wil te doen nie, maar die Vader wat My gestuur het. En die Vader wat My gestuur het is met My; en soos My Vader My gestuur het, so stuur Ek julle." O, goeiste! [Broer Branham klap sy hande saam twee keer—Red.] Die Vader het Hom gestuur, in Hom gegaan. Die Vader wat Jesus gestuur het het in Hom gekom, deur Hom gewerk.

Die Jesus wat jou stuur, gaan saam met jou en is in jou. En as daardie Gees, wat lewe in Jesus Christus, Hom laat doen en optree die manier wat Hy het, jy sal 'n algemene idee hê hoe Dit sal maak wanneer Dit in jou is, want daardie Lewe kan nie verander nie. Dit sal gaan van liggaam na liggaam, maar Dit kan nie Sy natuur verander nie, want Dit is God.

56 Nou in Johannes 14, laat ons net 'n bietjie lees, beginende by die 10de vers.

Glo jy . . . dat Ek in die Vader is en die Vader in My? die werke . . . *die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke.* (Dink daaraan nou.)

Glo My dat Ek in die Vader is, en die Vader in My; of anders, glo My ter wille van die werke self.

Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, die werke wat Ek doen sal hy . . . ook; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan.

Sien julle nie? Sien hoe Hy daar sê? Nou hou dit dop, hoe dit uitkom. Ek sal net 'n bietjie verder lees. Ons gaan lees onder na omtrent die 20ste vers. "En wat ook al julle sal vra in . . ." Laat ons sien, ek het gehad die . . . Ya. Uh-huh. Goed.

En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.

As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.

As julle My liefhet, bewaar my gebooie.

En Ek sal die Vader bid, (kyk nou) *en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly vir altyd;*

Selfs die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien, en Hom nie ken nie: maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly, en in julle sal wees.

57 Wie is daardie Gees dan? Wat is die Heilige Gees? Dis Christus in jou. Die Trooster, dis die Heilige Gees. "En wanneer die Trooster kom, Hy sal dieselfde dinge doen wat Ek gedoen het terwyl die Trooster in My is. Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle hierdie Trooster gee. Julle ken die Trooster. Die wêreld ken Hom nie, sal nooit. Maar julle ken Hom want Hy wandel nou met julle," Jesus wat praat, "maar Hy sal in julle wees." Daar is dit, dis die Trooster, "sal in julle wees."

Ek sal julle nie troosterloos laat nie: Ek sal na julle kom.

"Ek sal nie . . ." Nou, dis die Trooster, Christus. Dis wat die Heilige Gees is, is Christus.

Nog 'n klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie; maar julle sien My: omdat Ek lewe julle . . . *sal lewe.*

58 O, ons kan aan en aan gaan; maar, julle laat weet. Wat is Hy? Hy is 'n seël. Hy is 'n teken. Hy is 'n Trooster. Sien wat Hy alles is? Die Saad van Abraham erf Dit.

59 Nou laat ons ook vind dat die . . . wat die Trooster nog is. Laat ons gaan na I Johannes 16:7, sien of Hy nie 'n advokaat is, ook nie. Julle weet wat 'n advokaat is, 'n voorspraak maak. Ons het 'n Advokaat. Ons weet dit. I Johannes die 16de hoofstuk . . . O, wag 'n oomblik, ek is jammer. Johannes, is dit, 16:7. Ek is jammer. Ek is jammer ek het dit gesê. Ek het dit verkeerd gelees op my . . . het 16:7.

> *Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan: want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur.*
>
> *En as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde, en van geregtigheid en van oordeel:*
>
> *Van sonde, omdat hulle in My nie glo nie;*
>
> *Van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan, en julle My nie meer sal sien nie;*
>
> *Van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is.*

60 Goeiste! Nou, die Advokaat, gevind in—in I Johannes 2:12. Nou laat ons dit lees, net 'n oomblik, I Johannes 2:12. Ek vra jou verskoning, I Johannes . . . 1 en 2, is dit. Ek het hierdie neergeskryf, I Johannes 2:1 tot 2.

> *My klein kindertjies, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige.*

Wie is die Advokaat? Jesus Christus die regverdige.

> *En Hy is—hy is die 'n versoening vir ons sondes: en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir die van die hele wêreld.*

61 Wat is die Heilige Gees? Dis 'n Advokaat. Wat doen 'n . . . Wat is 'n Voorspraakmaker? Wat doen Dit? Maak 'n voorspraak. Dit het genade. Dit, Dit staan in jou plek. Dit, Dit doen dinge wat jy nie kan doen nie. Dit, Dis—Dis 'n versoening vir jou sonde. Dis jou regverdigheid. Dis jou genesing. Dis jou Lewe. Dis jou opstanding. Dis alles wat God vir jou het. Hy is 'n Advokaat.

62 Hoe ons in besonderhede daarop kan ingaan en dit kan uiteensit van hoedat wanneer Dit—Dit maak bemiddeling vir ons onkunde. Partymaal wanneer die . . . ons die Heilige Gees het, steier ons onkundig iets binne. Die Heilige Gees is daar om voorspraak vir ons te maak. Hy is ons Voorspraakmaker. Hy staan ons . . . Hy is ons Prokureur. Hy staan daar en pleit vir ons. Ons hoef nie vir onsself te pleit nie, want die Heilige Gees in ons pleit vir ons. Die Heilige Gees gee uiting, partymaal met woorde wat jy nie kan verstaan nie, en Hy maak voorspraak vir ons. Dis wat die Heilige Gees is.

63 Wanneer ek in enigiets vasloop, ek—ek loop soos ’n klein kindjie; jy loop soos ’n klein outjie. Ons, ons loop in ’n donker wêreld vol vyande, vol van sonde, vol lokvalle, vol van alles.

Jy sê, “O, ek is bang. Ek is bang om ’n Christen lewe te neem. Ek, ek is bang om *dit* te doen. Ek is bang ek sal *dit* doen.”

Moenie bang wees nie. Ons het ’n Advokaat. Amen. O, Hy staan by ons. Hy is in ons, en Hy maak voorspraak vir ons. Die Heilige Gees, aanhoudend, maak aanhoudend voorspraak vir ons, al die tyd. Hy is ons Voorspraakmaker. O, hoe dank ons God daarvoor!

64 ’n Seël, ’n teken, die Gees van Lewe, die God van Hemel, die Trooster, die Lewe, die Advokaat. Wat is Hy! O, goeiste! Ons kan aangaan vir ure daarmee.

65 Nou gaan ons net verander vir ’n oomblik. Nou ons gaan nou vra . . .

Beloof aan ons in die laaste dae! Hierdie Advokaat, seël, belofte, alles waaroor ons gepraat het omtrent Hom vanaand, met tienduisend maal meer, Dit was ’n belofte gemaak aan ons in die laaste dag.

Hulle het Dit nie in daardie dag gehad nie. Hulle het net ’n seël in hulle vlees gehad, as ’n bewys en ’n teken, geglo Dit sou kom, en hulle het gewandel deur die skadu van die wet. Wat, hulle was besny deur vlees.

66 Vandag wandel ons nie deur die skadu van die wet nie. Ons wandel deur die krag van die opstanding. Ons wandel deur die krag van die Gees, Wie ons ware seël is, ons ware Advokaat, ons ware Trooster, ons ware teken dat ons gebore is van Bo; eienaardig, snaakse mense, tree snaaks op, neem God op Sy Woord, noem alles anders verkeerd. God se Woord is reg. Dis . . . O, goeiste! Dis wat die Heilige Gees is.

67 Wil julle Dit hê? Wil julle Dit nie graag hê nie? [Vergadering sê, "Amen."—Red.] Laat ons sien of Dit beloof was.

Nou laat ons teruggaan na Jesaja, die Boek van Jesaja. Laat ons die 28ste hoofstuk van Jesaja kry. Nou ons gaan na Jesaja 28, en ons gaan begin omtrent die. . . Laat ons die 8ste vers neem, sien wat Jesaja gesê het, sewehonderd-en-twaalf jaar voordat Dit gekom het.

68 Ons kan baie hieroor sê, teruggaan, al die pad terug, maar ons sal net reg hier begin en sien of Dit beloof was aan die Kerk. Watter dag was Dit veronderstel om te kom? Teen die laaste dae, wanneer daar sou wees 'n—'n korrupsie. Nou onthou, die woord is in die meervoud, "dae," die laaste twee dae, die laaste tweeduisend jare.

Nou, nou die 8ste vers.

> Al, *want al die tafels is vol van. . . vuilheid sodat daar geen* skoon *plek is nie.*

69 Soek vandag rond om dit te vind. Kyk rond en sien of ons in daardie dag is. "Alle tafels!" Tog, hulle gaan na die Here se Nagmaal, en die eerste ding, in die materiele lyn, neem 'n ou stuk ligte brood of 'n sodabeskuitjie, en breek dit op en maak die nagmaal. Wanneer, daardie veronderstel is om gemaak te word met Heilige Gees hande, en ongesuurde brood. Christus is nie vuil en vieslik nie, en dit verteenwoordig Hom.

70 Nog 'n ding, hulle gee dit aan mense wat drink, lieg, steel, rook, pruim, (whew!) net enigiets, so lank as hulle behoort aan die kerk. Ver daarvandaan! As 'n man dit ooit neem wanneer ons hierdie hier eet, hy drink en asem oordeel oor homself, omdat die Here se Liggaam nie onderskei word nie. As hy nie die lewe lei nie, bly weg daarvan.

En as jy dit nie neem nie, dit wys dat jou eie gewete skuldig is. "Hy wat nie eet nie, het geen deel aan My nie," het Jesus gesê.

71 Maar al die tafels van die Here het vol vullis geword. Daar is nie een skoon plek nie. Luister, as dit nie vandag afbeeld nie!

> *Wie sal hy. . .* wie *sal hy kennis leer? en wie sal hy maak. . . doktriene verstaan?. . .*
>
> . . . wie sal kennis *verstaan?. . .* wie kan *hy maak om doktriene te verstaan?. . .*

"Wel, prys God, ek's Presbiteriaans. Ek's Metodis. Ek's Pinkster. Ek's Nasareens. Ek's Pelgrim Heiligheid." Dit beteken nie een ding vir God nie; net nog 'n tafel.

. . . wie sal Ek *doktriene* bekend maak? . . .

72 Watter soort doktriene; Metodis, Baptis, Presbiteriaans, Pinkster? Die Doktriene van die Bybel!

. . . wie sal Ek *doktriene* bekend maak? . . .

73 Hoe weet jy wanneer jy Dit het? Ons sal daarop ingaan Vrydagaand. Sien?

. . . wie sal Ek *doktriene* bekend maak? (nou kyk) *die wat van die melk gespeen, wat van die moederborste weggeneem is.*

74 Klein babatjies sê, "Wel, ek gaan kerk toe, my mamma het behoort aan hierdie kerk." Ek het niks daarteen nie, liewe broer. En ek begryp dat hierdie opgeneem word. Dis alles reg, behoort aan mamma se kerk. Maar, luister, mamma het in een lig gewandel, jy wandel in 'n ander.

75 Luther het gewandel in een lig; Wesley het gewandel in 'n ander. Wesley het gewandel in een lig; Pinkster het gewandel in 'n ander. Maar ons loop hoër op as dit vandag. En as daar nog 'n geslag is, dit sal verby ons gaan.

76 Terug in die vroeër dae, toe die ding wyd was, wawyd, Luther het regverdigmaking deur geloof geleer. Dit was net om die mense te bring vanaf Katolisisme na Protestantisme, na die gemeenskap rondom die Woord. Regverdigmaking deur geloof, dit was 'n groot wye sfeer. Hulle het nooit daarvan beweeg nie.

77 Langs kom nog 'n herlewing genaamd John Wesley. Dit het hulle afgeskud daarvan, en haar afgebring na heiligmaking, verlaat . . . 'n goeie, skoon, heilige lewe, geheilig deur die Woord van God, gee vreugde in jou hart. Dit het 'n klomp van Luther se doktriene afgeskud.

78 Toe langs kom Pinkster met die doping van die Heilige Gees, en dit weer nouer gemaak, deur die ontvangs van die Heilige Gees. Dis reg.

En nou het dit begin afskud. En die gawes, en die herstel, en die Gees van God het ingekom, in die volheid van tekens en wonders, binne-in die Kerk, het Pinkster geskud. Wat is dit? Ons is so naby aan Koms van die Here Jesus, totdat die einste Gees wat in Hom was werk in die Kerk, die einste dinge doen

wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was. Dit was nooit êrens nie, terug vanaf die tyd van die apostles tot hierdie tyd nie.

Hoekom? Sien, dis wyd; nouer, nouer, nouer. Wat is dit? Net soos jou hand kom na 'n skaduwee; die negatiewe, negatiewe, negatiewe. Maar wat is dit? Dis 'n weerkaatsing. Wat was Luther? 'n Weerkaatsing van Christus. Wat was Wesley? 'n Weerkaatsing van Christus.

79 Kyk, Billy Sunday se eeu het nou net geëindig. Die ander dag, ou Dr. Whitney, het geleer reg hier op hierdie preekstoel, die laaste een van die ou skool, doodgegaan, rondom negentig, ek reken. Billy Sunday was 'n herlewingsprediker aan die nominale kerke in sy dag. Hy het geen doekies omgedraai nie; hierbo staan en skreeu, "Al julle Metodiste slaan die saagselpad, predikers en al! Al julle Baptiste slaan die saagselpad! Julle Presbiteriaane!" Hy het geen doekies omgedraai nie. Hy was die Billy Graham van hierdie dag.

80 Let op. En toe dieselfde tyd wat die nominale kerk hulle herlewing gehad het, wat het plaasgevind? Die Volle Evangelie het 'n herlewing gehad. Daar kom voort die Bosworth broers, Smith Wigglesworth, en Dr. Price, Aimee McPherson, al daardie.

Kyk, Smith Wigglesworth het gesterf een aand. Dokter Price het die volgende oggend gesterf. Binne vier-en-twintig uur was ek op die veld.

81 Nou kom my end aan. Kyk na . . . Julle hoor nie baie van Billy Graham nie. Julle hoor nie baie van Oral Roberts nie. Ek sien my byeenkomste verskadu. Wat is die probleem? Ons is aan die einde, nog 'n eeu.

82 Hoe het Billy Sunday ingekom, en hulle? Hulle het ingekom net na die groot Moody herlewing. Wanneer het Moody ingekom? Net na Knox herlewing. Wanneer het Knox ingekom? Net na Finney se herlewing. Finney na Calvyn, Calvyn na . . . So, Wesley, en Wesley na Luther. Af onder deur die eeu kom dit. So gou as een herlewing oor is, hef God 'n ander op en gooi meer Lig; bly net aanbeweeg soos dit.

83 Nou ons is aan die einde van hierdie tyd. Elke man het gekyk na die einde van sy aansluiting vir die Koms van Christus, maar hulle het baie gehad om na uit te sien; die terugkeer van die Jode, vlieënde pierings in die lug, al die dinge wat ons vandag sien. Maar ons is by die einde. Ons is nou

hier. Hulle het geweet die Kerk sou Krag ontvang wat dieselfde werk van Christus in die Kerk sou doen, want soos die skaduwee dieper en dieper word, en meer weerkaats.

84 Jy neem ’n skaduwee. Verder weg van die skaduwee, die minste weerkaatsing kry jy van die skaduwee. Na ’n tydjie, die skaduwee raak nader en nader, totdat die boom en die skaduwee dieselfde ding is.

85 Nou, die Gees van God het gewerk onder regverdigmaking, onder Luther; heiligmaking onder Wesley; die doop van die Heilige Gees onder Pinkster; en hier is Dit in die laaste dae, verrig en doen dieselfde dinge wat Dit gedoen het toe Dit in Christus was. Wat is dit? Die Kerk en Christus het Een geword.

En so gou as hulle aansluit, daardie laaste skakel, sal Sy gaan deur die lug, skreeuend. Op sal kom Wesley, Luther, en al die res van hulle terug in daardie dae daar, “hy wat eerste is, sal laaste wees, hy wat laaste is sal eerste wees,” en daar sal kom die opstanding.

86 Ons is by die endtyd. Luister, dis wat die Heilige Gees doen. Die Heilige Gees, deur regverdigmaking, sien, net ’n ligte skaduwee Daarvan; die Heilige Gees, deur heiligmaking, ’n bietjie dieper skaduwee Daarvan; die Heilige Gees, deur die doping Daarvan, ’n dieper skaduwee; nou die Heilige Gees, deur die herstel van Sy einste Persoon wat hier binne is, tekens en wonders verrig soos Hy gedoen het aan die begin. Whew! Glorie! Gaan my ’n “dweper” noem, in elk geval, julle mag net sowel nou begin.

87 Luister, broers, luister hierna.

> *. . . alle tafels is vol van uitbraaksel . . . daar is geen* skoon plek nie.
>
> Wie *sal Hy kennis leer? . . . wie sal Hy* bekend *maak, doktriene verstaan? hulle wat van die melk gespeen is, en van die moederborste weggeneem is.*

Nie klein babatjies nie; Presbiteriaanse babatjies, Metodiste babatjies, Pinkster babatjies, Luther se babatjies, Nasareense babatjies nie. Hy wil iemand hê wat gewillig is om weg te kom vanaf die borste en sterk vleis eet. Hier kom dit:

> *Want gebod moet op gebod wees, . . . op gebod; reël op reël, . . . op reël; hier ’n bietjie, daar ’n bietjie;.*
>
> *Want met stammelende lippe en ander tonge sal Ek met hierdie volk spreek.*

Aan wie Hy gesê het; Dit is die rus, waarin julle die vermoeides mag laat rus; en dit is die verkwikking: tog wou hulle nie luister nie.

88 Die Heilige Gees, as dit nie net die manier is wat Dit gekom het op die Dag van Pinkster nie, geprofeteer sewehonderd-en-twaalf jaar voordat Dit gekom het! Hier is Dit op die Dag van Pinkster, net presies gekom.

89 Iemand het gesê, "Onderhou van 'n sabbatdag." Ek verwerp of maak nie ligtelik van iemand se kerk of godsdiens nie. Maar gesê, "Die sabbatdag, die sabbat van God was die rusdag."

Hier is die rusdag. [Broer Branham tel sy Bybel op.] "Hierdie is die rus," Hy het gesê, "dat julle die vermoeides laat rus." Hierdie is dit. Amen! "Dit sal gebod op gebod, reël op reël wees." Hier is die rus. Wat is die Heilige Gees? Die rus. O!

Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.

90 Wat is Hy? Die Een wat in jou kom, gee jou vrede; jou teken, jou Trooster; vertroos, rustend, verseël.

91 Hoe is jy? Dis 'n teken; die wêreld weet iets het met jou gebeur. Wat is Dit? Dis 'n Trooster. Wat is Dit? 'n Seël. Jy is rustend. Jy het . . . Dis jou Advokaat. As jy, iets gebeur met jou, daar is Iets daar om 'n voorspraak vir jou te maak net vinnig, sien, maak voorspraak. Dis die Gees van God wat lewe in die Kerk, geprofeteer presies wat Dit sou wees wanneer Dit kom. Dit sou 'n ewigdurende, Ewige rus wees.

92 God het die wêreld gemaak. Hebreërs, die 4de hoofstuk. "God het die wêreld gemaak, en gerus op die sewende dag." Dis reg.

Die agtste dag kom terug rondom, onder . . . Hy het dit gegee aan die Jode vir 'n verbond, vir 'n sekere tydsduur. Dis reg. Maar hulle gaan rus een dag; gaan terug, die eerste dag van die week, begin weer oor, nuut, begin oor. Dit is nie die rus waarvan God gepraat het nie.

Toe God die wêreld in ses dae gemaak het, toe Hy gaan rus het, Hy het van toe af gerus. Dis reg. Dit het dit afgehandel. Hy het nie teruggekom op die agtste dag en weer begin nie.

93 Dit was net 'n skaduwee. Nou, dit was 'n tipe, soos die maan vir die son; maar wanneer die son opkom, ons het nie meer nie die maan nodig nie. Nou let dit op, o, in Openbaring

11, "Die vrou met die maan onder haar voete, en die son by haar kop." O, ons kan deur die Bybel gaan, van buiteblad na buiteblad, en julle wys. Sien?

94 Maar wat is dit? Toe, die Bybel gesê het in Hebreërs die 4de hoofstuk, "As Jesus hulle 'n rusdag sou gee, Hy sou daarna daarvan gepraat het; Hy sou van 'n rusdag gepraat het." Watter dag het Hy oor gepraat, 'n rus?

> *Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.*

95 Mattheüs die llde hoofstuk, 22ste vers. . . Kyk, dan, ons vind dat wanneer ons by Hom kom. "Want hy," sê Hebreërs 4, "wat Jesus se rus binnegegaan het, het opgehou met sy wêreldse werke, soos God van Syne het," toe Hy die wêreld gemaak het, om nooit daarheen terug te gaan nie. Hoe lank? [Broer Branham klop driemaal op die preekstoel—Red.] Hoe lank is jy verseël met die Heilige Gees? "Tot die dag van jou verlossing." Daar is daardie rus, troos, Advokaat, seël, Verlosser. O! [Broer Branham klap sy hande eenmaal saam.] Ek word soort van opgewonde of ek word soort van geseënd. O!

96 "Is Dit beloof vir ons, Broer Branham? Is dit bewys deur die Bybel?"

Goed, laat ons gaan na Joël, vind uit wat Joël Daarvan gesê het.

Hoe dankbaar is ek vir die geseënde Woord van God. Het julle Dit lief? [Vergadering sê, "Amen."—Red.] Ek dink as dit nie was vir die Woord nie, ek weet nie waar ons sou staan nie. Goed.

Ons is by Joël nou. Ons gaan na Joël, die 2de hoofstuk van Joël, en ons gaan begin by die 28ste vers. Joël 2:28, agthonderd jaar voor die koms van Christus, die profeet in die Gees. Nou luister.

> *En dit sal daarna gebeur, dat Ek my Gees sal uitgiet op alle vlees, . . . julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense sal drome droom, en julle jongelinge sal gesigte sien.*
>
> *En ook op* my *diensknegte en op* my diensmaagde sal Ek uitgiet in daardie dae. . . *uitgiet,* in daardie dae, van *my Gees.*

En Ek sal wondertekens wys in die hemele bo *en op die aarde: bloed . . . vuur en rookpilare.*

Die son sal verander word in duisternis en die maan in bloed, voordat die groot en . . . verskriklike dag van die HERE sal *kom.*

En dit sal gebeur, dat wie ook al die Naam van die Here sal aanroep, sal gered word:

97 Dis 'n . . . O! Wat? Joël? Het julle opgelet? In Handelinge 2, Petrus het dieselfde vers opgeneem. Gesê, "Julle manne van Israel, hoor my woorde. Hierdie is nie dronk nie," hierdie geseëlde, vertrooste, eienaardige, gemerkde mense. "Hulle is nie dronk soos julle dink nie," Handelinge 2, "siende dat dit die derde uur van die dag is. Maar hierdie is dit wat gespreek is deur Joël die profeet, gesê, 'Dit sal gebeur in die laaste dae dat Ek My Gees op alle vlees sal uitstort.'"

98 Wat is Dit, wat is die Heilige Gees? Goed, nou laat ons weer oplet, beloof aan die gelowiges, dis wat Dit is. Nou, hierdie Heilige Gees, ons vind uit wat Dit is, net 'n oomblik. Aan wie is Dit beloof? Aan gelowiges.

Nou laat ons gaan na Lukas, 24ste hoofstuk van Lukas, luister wat Jesus gesê het in Sy laaste Woorde voordat Hy die aarde verlaat het. Lukas die 24ste hoofstuk. En julle wat dit afskryf nou, julle kan dit afmerk, bestudeer dit dan môre wanneer julle meer tyd het. Nou, Lukas 24:49, luister na Jesus wat praat. Aan die einde, toe Hy opgevaar het na Heerlikheid, die opvaring, hier is die Woorde wat Hy aan Sy dissipels gesê het.

. . . kyk, Ek stuur die belofte van my Vader . . .

Watter belofte? Die seël, die teken, die Trooster, en al hierdie dinge waarvan Ek gepraat het, maal duisende meer.

. . . Ek stuur die belofte van my Vader op julle: . . .

Watter belofte? "Die een wat Jesaja gesê het sou kom, 'Met stammelende lippe en vreemde tonge sal Ek spreek met hierdie volk.' Ek sal daardie rus op julle stuur. Ek sal stuur waarvan Joël gepraat het, dat, 'Dit sal gebeur in die laaste dae, sê God, Ek sal My Gees uitstort op julle.' O, ek sal na julle stuur, en alle nasies maak, alle volke, beginnende by Jerusalem . . . Ek sal die saad van Abraham inbring onder hierdie verbond. Ek sal elkeen van hulle wegseël. Sien, Ek sal My Gees uitstort."

> . . .Ek *sal die belofte van my Vader stuur op julle: maar vertoef julle,* beteken wag *in die stad Jerusalem, totdat* julle *toegerus is met krag van bo.*

99 Wat is die Heilige Gees dan? "Krag van Bo!" Nie krag van die biskop nie, nie krag uit die kerk nie. Maar, "Krag van Bo!"

100 Hoe het daardie Krag gekom? Deur "kerkaansluiting"? Ek daag julle uit om dit te doen, te sê dat dit reg is. Deur "aansluit by 'n kerk, hande skud met die prediker"? Nee, meneer. Nou, aan julle Katolieke, "jou tong uitsteek en die eerste nagmaal neem"? Nee, meneer.

101 Hoe het Dit gekom, Krag van Bo? Laat ons 'n bietjie verder lees. Laat ons gaan na Handelinge 1:8. Hulle vergader nou saam. Nou hulle het gepraat van Jesus hier, toe hulle saam vergader was, en het 'n ander een bevestig om Judas se plek te neem. Handelinge 1:8.

> *Maar julle sal krag ontvang, nadat* hierdie *die Heilige Gees oor julle kom:* . . .

Wat? "Jy word die lid van die Branham Tabernakel"? Nee. "Jy word 'n lid van die Metodis kerk, die Katolieke kerk, die Presbiteriaanse"? Nie so in die Bybel nie. Dit is mensgemaakte doktriene.

"Maar jy sal jou Krag ontvang nadat jy 'n prediker geword het"? Nee, meneer. "Jy sal jou Krag ontvang nadat jy jou Baccalaureus Artuim ontvang het"? Nee, meneer. "Jy sal ont- . . .Krag kom nadat jy jou DD ontvang het"? Nee, meneer. "Jy sal Krag ontvang nadat jy in water gedoop is"? Nee, meneer. "Jy sal Krag ontvang nadat jy jou eerste nagmaal geneem het"? Nee, meneer. Sien, dis alles mensgemaakte goed.

102 Luister wat die Bybel gesê het, wat Jesus gesê het.

> . . .*julle sal krag ontvang, wanneer die Heilige Gees oor julle kom:* (wat is die Heilige Gees? die Krag) dan, hierna, julle *sal getuies wees* . . .("Net julle twaalf, julle getuig in Jerusalem"?) . . .julle *sal My getuies wees beide in Jerusalem,* . . .*Judaea,* . . .*Samaria, en* tot aan die uiteindes *van die aarde.* (Wat nog nooit bereik is nie.)

> *En toe Hy hierdie dinge gesê het,* . . .*toe hy hierdie dinge gesê het, terwyl hulle Hom sien, Hy was opgeneem* in die *wolk* en *weggeneem* . . .*voor hulle oë.*

103 Nou blaai regoor die bladsy, en sien hierdie profesie volbring word.

> *En toe die dag van Pinkster ten volle aangebreek het, was hulle* almal eendragtig. . .*hulle was almal eendragtig bymekaar in een plek.*

"En meteens het die pastoor ingekom en. . ."? Ek het van lyn afgeraak, het ek nie? "Meteens kom die priester op die altaar"? Nee.

> *En daar kom skielik 'n geluid. . .*

Nie net 'n voorgee nie; Dit was daar, 'n geluid.

"'n Prediker het die deur genader"? "Die priester het die nagmaal gehad, uitgekom uit die heilige plek"? Nee, niks soos dit nie.

> . . .*daar kom uit die hemel 'n geluid*. . .(Nie die geruis van voete nie). . .*daar kom uit die hemel 'n geluid soos. . .'n geweldige rukwind* (o, goeiste! Whooosh!. . .?. . .) . . .*en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het.*

104 Wat is die Heilige Gees? Hier is waar hulle Krag gekry het. Hier is waar hulle veronderstel is om te wag; hier is wat gebeur het toe hulle dit gedoen het. Alles geprofeteer, vanaf Génesis reguit aan op, vanaf Abraham reguit aan deur; Dit sou kom, en hoe Dit sou kom, en die resultate sou kom. Wat is Dit? Beloof aan die Kerk, die gelowiges.

> . . .en *het die hele huis gevul waar hulle gesit het.*

> *En daar het aan hulle verskyn gesplete tonge soos. . . van vuur, en dit het op elkeen van hulle gaan sit.*

> *En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek met ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.*

Nou ons gaan daarop kom, Vrydagaand. Ons sal dit net daar laat, sien.

105 Hoe is Dit? Dis 'n belofte aan die Kerk, absoluut 'n belofte. Goed.

106 Nou, nou gaan ons uitvind, nadat hulle vervul is, hulle is verseël tot hoe lank? [Die vergadering sê, "Tot die dag van verlossing."—Red.]

Hoe baie hier binne het die Heilige Gees? Laat ons julle hande sien. Daar is meer met die Heilige Gees as wat

daarsonder is. Ons wil hê julle moet een van ons wees, broer, suster. Wanneer julle verstaan wat Dit is, Dis. . . Dit is die Gees van God wat in jou woon, om die werke van God te doen.

Wanneer God ooit enige van Sy Gees gestuur het in enige van Sy dienaars, enige van Sy profete, enige van Sy leraars, enige van Sy apostels, hulle was altyd verwerp deur die wêreld. Hulle was kranksinnig geag, in elke eeu wat daar was. Selfs toe Paulus voor Agrippa gestaan het, het hy gesê, "Op die manier wat dwaalleer genoem word. . . " Wat is *dwaalleer*? "Kranksinnigheid." "Op die manier wat kranksinnigheid genoem word, 'n klomp malles, dis die manier waarop ek die God van ons Vaders dien." [Broer Branham klap sy hande eenmaal saam—Red.] Ek is so bly dat ek kan sê ek is een van hulle. Ja, meneer. Dis reg. Ek so bly ek kan sê ek is een van hulle.

107 Nou, nadat die Heilige Gees op hulle geval het, Dit het hulle sulke lieflinge gemaak totdat alles in gemeen was. Is dit reg? My, my, wat 'n gemeenskap! Ons sing daardie lied partymaal, "O, watter gemeenskap! O, watter Goddelike vreugde!" Daar's dit. Hulle het nie omgegee nie, hulle het nie omgegee om die—die son geskyn het of nie. Hulle het nie gevra vir 'n blombesaaide bed van gemak nie.

"Nou, ek sal die Heilige Gees ontvang," sê party mense vir my, "Mnr. Branham, as jy my sal waarborg dat ek 'n miljoenêr sal word, as jy my sal waarborg dat ek sal oliebronne vind, en as ek goudmyne sal vind, en ek—ek. . . " Sien, mense leer dit, en hulle leer 'n leuen. God het nie daardie dinge beloof nie.

108 'n Man wat ooit die Heilige Gees ontvang gee nie om of hy vir brood bedel of nie. Maak geen verskil aan hom nie. Hy is 'n skepsel Hemelwaarts-oppad. Hy het nie. . . Hy het geen verbintenis hier nie, glad nie. Dis reg. Hy gee nie om nie. Laat kom, laat gaan, wat wil. Laat hulle kritiseer, spot. Verloor jou aansien, wat gee jy om? Jy is op jou pad na Heerlikheid! Halleluja! Jou oë is gevestig op Christus, en jy is op jou pad. Jy gee nie om wat die wêreld sê nie.

Dis wat die Heilige Gees is. Dis 'n Krag, Dis 'n seël, Dis 'n Trooster, Dis 'n Advokaat, Dis 'n teken. O, goeiste! Dis die versekering dat God jou ontvang het.

Hoe baie tyd het ek geneem? Ek het nog net agt minute oor. Goed. Laat ek. . . Ek het 'n klomp Skrifte hier. Ek reken nie ek kan hulle inkry nie, maar ons sal—ons sal ons beste probeer.

109 Nou, nadat 'n man vervul is met die Heilige Gees, is dit moontlik dat vervolgings en dinge hom sal laat terugkom en. . . Nou, hy gaan nie verloor nie, hy is steeds 'n seun van God, hy sal altyd wees, want jy is verseël hoe lank? [Die vergadering sê, "Tot die dag van verlossing."—Red.] Dis reg. Dis wat die Bybel gesê het.

110 Nou, nadat die dissipels geslaan is, hulle was gespot, uitgelag, en alles, het hulle gedink dis tyd om bymekaar te kom 'n klein rukkie. Laat ons oorblaai na—na Handelinge die 4de hoofstuk, en sien toe hulle. . . wat gebeur het. Nou dit is aan julle mense wat Dit reeds het. Handelinge die 4de hoofstuk.

Nou, Petrus en Johannes was geslaan, in die tronk gesit, vir genesing, vir die hou van 'n genesingsdiens buite die hek van die kerk. Hoeveel weet dit? Daar het 'n man daar gelê, soort van verlam in sy voete. Hy kon nie loop nie; was so vir veertig jaar. En Petrus het verbygegaan. En hy het gesê. . . sy beker uitgehou, om iets te kry om in sy beker te sit, vir kos.

En Petrus het gewys dat hy 'n Heilige Gees gevulde prediker was, hy het nie enige geld gehad nie. Hy het gesê—hy het gesê, "Silwer en goud het ek nie." Sien, hy het nie daarvoor omgegee nie. Maar hy was 'n—'n skepsel Hemelwaarts oppad. O, hoe ek wens ons het tyd gehad om daarin te lê 'n klein bietjie daar, sien. Hy was Hemelwaarts oppad. Hy was getroos. Hy het die Gees gehad. Hy het die Krag gehad. Hy het aangeloop en gesê, "Silwer en goud het ek nie, maar wat ek het dit gee ek vir jou."

Sonder twyfel het die man gesê, "Wat het jy, meneer?"

"Ek het geloof. Ek het iets in my hart wat begin het omtrent tien dae gelede. Ek was in die bokamer daarbo, en meteens, al die beloftes wat God gemaak het. . . Ek het gewandel met Jesus Christus vir drie en 'n half jaar. Ek het visgevang saam met Hom, buite die vis ingetrek. Ek het hierdie verskillende dinge gedoen. En ek het Hom die siekes sien genees. Ek. . . Hy het my bly vertel, 'Die Vader is in My; maar wanneer Ek weggaan, Hy sal in jou kom.' So, ek kon dit nie verstaan nie. Maar Hy het gesê, 'Nou, Ek verwag nie van jou om dit te verstaan nie.'"

Jy verstaan nie hierdie dinge nie; jy kry hulle net. Ek verstaan dit nog nie. En moet my nie vertel jy kan nie; want, jy kan nie. Sien? So, ek kan Dit nie verstaan nie, ek kan Dit nie verklaar nie; maar, enigste ding wat ek weet, ek het Dit.

"Wel, wel," jy sê, "dis nie wetenskaplik nie." O, sekerlik is dit.

111 Kyk na daardie ligte. Toe Benjamin Franklin dit gevang het, hy het gesê, "Ek het dit." Hy het nie geweet wat hy het nie, maar hy het dit gehad. En ek wil hê iemand moet my vanaand vertel wat elektrisiteit is. Hulle weet nog nie wat dit is nie, maar ons het dit. Amen. Dis reg. Daar is geen man wat weet wat elektrisiteit is nie. Hulle kan dit beheer, dit laat verlig, dit laat brand, dit laat optree. Maar dis—dis opgewek deur opwekkers, twee stukke wat saamloop soos *dit*. Dit produseer dit, en dis al wat hulle weet. Dit sal lig gee, en dit het krag in dit.

112 En dis soos die Gees van God. Wanneer jy een stuk kry, is jy, en die ander stuk is God; en hulle kry om saam om te loop soos *dit*, dit sal iets doen vir jou. Dis reg. Dit sal Lig gee. Dit sal Krag gee. Jy weet nie wat Dit is nie, en sal nooit weet wat Dit is nie, maar jy weet wanneer jy Dit het. Dis een ding seker. En Dis vir jou. Dis joune. Dis die versekering. Dis reg.

Wat wys *daardie* lig? Daar is sekerheid. Dit is die lig.

Nou let hierna op. Nou, jy weet nie wat Dit is nie.

113 Maar hierdie kêrels het gesê, "Wel," hulle het. . . hulle het gesê een ding wat hulle weet, "ons weet hulle is onkundig." Nog 'n paar "malles," julle sien, soos daardie klein Duitser gesê het hy was. Sien? Gesê, "Hulle is so onkundig en ongeleerd. Maar hulle was saam met daardie Visserman, daardie Skrynwerker daar oorkant, genaamd Jesus. Ek sal jou sê, want hulle doen dieselfde dinge wat Hy doen."

114 Dis wat die Heilige Gees is, is Jesus wat leef in 'n onkundige visserman, 'n skrynwerker, of wat ook al, onkundige prediker, wat ook al dit is. Dis 'n man wat onkundig wil wees aan die dinge van die wêreld, en Jesus in hom laat kom, die Gees van God, die seël, die Trooster. Hy gee nie om vir aansien nie; enigste ding wat hy wil hê is God.

115 Toe God in orde gestel het, Hy het gesê, "Al julle Leviete, Ek het julle uitgeroep en julle priesters gemaak. En al julle broers, die ander, die twaalf stamme en. . . die ander elf stamme sal julle 'n tiende betaal."

"Wanneer julle nege mandjies appels kry, gooi een mandjie vir die Leviete. Wanneer julle julle skape laat hardloop deur die—die gang daar, tel die tiende skaap op. Ek gee nie om of dit 'n klein enetjie is nie, of 'n groot een, vet een, of swak een, dit behoort aan die Leviete."

"Nou, Leviete, wanneer julle dit alles kry, dan gee julle tiende ook, aan die Here. Julle gee die beweegoffer, die ophefoffers, die verskillende offers. Julle tiende aan die Here."

116 Gesê, "Moses, vir jou deel, Ek is joune." O, goeiste! Hy het gesê, "Ek is jou bevredigende deel."

En dis wat die Heilige Gees aan die Kerk is vandag. Silwer en goud het ek nie, maar ek het 'n versadigende Deel. Halleluja! Opvoeding, ek kan kwalik hierdie Boek lees, maar ek het 'n bevredigende deel. Dis goed. Doktersgraad, ek het geen nie; Ph.D's of LD's, of niks anders nie. Maar daar is een ding wat ek het, die bevredigende Deel. Dis die deel wat ek wil hê. Dis die deel wat God wil hê jy moet hê. Gooi die res van hierdie ou dinge weg, al die aansien en alles anders, en stap uit en kry God se bevredigende Deel.

117 Want, wat ek het van hierdie aarde, jy sal dit hier laat wanneer jy weggaan. Maar as jy daardie bevredigende Deel het, sal Dit jou net sekerlik opneem. Ons neem gedurig versekering uit vandag, om die ondernemer te gee. Laat ons God se bevredigende Deel kry en die Opnemer kry in plaas van die ondernemer. Julle weet, hulle werk albei.

118 Nou laat ons sien.

. . . losgelaat, het hulle na hul eie mense gegaan, ...

Nie terug na die priesters nie. Sien, dit het gewys hulle het Dit gehad. Hulle het nie teruggegaan na daardie ou, koue, formele ding weer nie, nee; teruggegaan en sê, "Nou kyk hier wat hulle aan ons gedoen het!" Nee, nee. Hulle het hulle eie geselskap gehad. Daar was net omtrent 'n dosyn van hulle daar, maar dit was 'n genoegsame geselskap, 'n klein handjievol mense.

. . . losgelaat, . . .

Nadat hulle hulle geslaan en hulle gedreig het, gesê, "As julle ooit weer in Jesus se Naam doop!" Of, o, ek bedoel die . . . Wel, dis reg. Sien? "As julle ooit weer in Jesus se Naam preek, wat ook al julle doen, ons sal julle kry!"

119 Gesê, "Whew, dis nogal 'n dreigement. Laat ons oorgaan na die res van die broers." O, dis die manier. In eendrag is daar mag. In eendrag is daar mag. Gesê, "Laat ons oorgaan na die res van die broers en uitvind wat ons kan doen."

120 Nou hulle het almal saamgekom en het verskillende ondervindings vertel.

. . . losgelaat, het hulle na hul eie mense gegaan en alles vertel wat die owerpriesters en die ouderlinge aan hulle gesê het.

En toe hulle dit hoor, het hulle eendragtig die stem tot God verhef, . . .

Nou luister wat hulle gesê het. Hou hom dop, hou hulle dop, nie teruggaan en sê, o, iets anders oor, "O Here, ek is so jammer . . ." Nee. Hulle was alreeds gered. Hulle was vervul met die Gees. Hulle het Ewige Lewe gehad.

. . . hulle stemme verhef . . . eendragtig, en gesê, Here, U is God, . . .

Amen! Ek hou net daarvan, Broer Palmer. Ek hou daarvan.

. . . U is God (ons weet dit) *wat die hemel en die aarde, en die see, en alles wat daarin is gemaak het:*

Wat deur die mond van U kneg Dawid . . . gesê het, . . .

121 Nou kyk, jy gaan terugkom, sê, "Nou, ons is nie 'n . . ." Nou jy gaan daar uit en sê, "Wel, nou, Here, nou wag 'n oomblik hier. Hulle spot so baie met my!" Het Hy nie gesê hulle sou dit doen nie?

"Almal wat goddelik lewe in Christus Jesus sal vervolging verduur."

"Wel, jy weet, my baas het vir my gesê as hy my vang . . ." Het hulle nie gesê hulle sal dit sê nie? "Wel, jy weet, hulle het my ingetrek in die hof die ander dag, Daaroor."

122 Het Hy nie gesê, "Julle sal voor konings en heersers gebring word vir My Naam nie. Dink nie aan wat julle sal sê nie, want dis nie julle wat praat nie"? Ek het dit gister sien gebeur. "Dis die Heilige Gees wat in julle woon; Hy sal spreek." Sien, "Hy." Dis reg. Goed. "Dink nie aan wat julle sal sê nie."

Here, deur . . . *Wat deur* U . . . *mond van U kneg Dawid gesê het, Waarom het die* heidene *gewoed, en die volke nietige* dinge *bedink?*

Die konings van die aarde het saamgestaan, en die owerstes . . . het saam vergader teen die Here, en teen Sy Gesalfde.

. . . want waarlik, Here, *teen U heilige kind Jesus, wat U gesalf het, het beide Herodes, en Pontius Pilatus, saam met heidene, en die volke van Israel, . . . vergader,*

Om alles te doen wat U hand en U raad vooruit bepaal het om plaas te vind.

O, goeiste! Ek hou daarvan. "Here, hulle doen net die einste ding wat U gesê het hulle sou doen." Wat het die Bybel gesê?

In die laaste dae, sal daar kom lasteraars, *verwaand, hoogmoedig, meer liefhebbers van* genot *as liefhebbers van God;*

. . . verraaiers, vals aanklaers, onvergenoeg, . . . veragters van hulle wat goed is,

wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar verloën . . .

Hulle het nooit opgegaan daarheen en Krag ontvang nie, "hierna sal die Heilige Gees op julle kom."

Mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het: draai weg van sulkes.

Dis wat die Heilige Gees is. Sien?

. . . wat bepaal is . . . om gedoen te word.

. . . nou, Here, aanskou hulle dreigmente: en—en skenk aan U dienaars, dat met alle durf ons die Woord mag spreek,

O, ek hou daarvan! Kry daardie ou wensbeen uit, en kry 'n regte ruggraat daarin. Nou kyk hier.

. . . ons U Woorde *mag spreek.*

Deur U *hand uit te strek om te genees; . . .*

O, broer! Duiwels sterf nie, maar die Heilige Gees ook nie. Sien?

. . . U *Hand uitstrek om te genees; . . . dat tekens en wonders gedoen mag word deur die naam van U heilige kind Jesus.*

Julle sien waaroor hulle gestry het, dan nie? Hulle doen dieselfde dinge vandag maar dit doen niks goed nie.

En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam vergader het; en hulle is almal vervul met die Heilige Gees, en . . . het die Woord van God met vrymoedigheid gespreek.

123 Whew! My! Hulle het iets gekry toe hulle daar boontoe gegaan het, het hulle nie? Die belofte het gesê dis wat die Heilige Gees is, om jou vrymoedigheid te gee, om jou 'n troos te gee, om jou te verseël, jou 'n teken te gee. O, goeiste!

124 Luister. O, wens ons het tyd gehad, ons kon afgaan saam met Filippus na die Samaritane. In Handelinge 8:14, julle almal wat dit neerskryf. Hulle het 'n groot vreugde ontvang, hulle het groot genesings gehad, maar hulle was gedoop in die Naam van Jesus Christus. Maar hulle het opgegaan na Jerusalem, om Petrus te kry; hy het afgekom en hande op hulle gelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang. Handelinge 8:14.

125 Die Heidene, daar was een met die naam van Kornelius. Hy was 'n wonderlike man, tiende betaal, sinagoges gebou vir die mense, God gerespekteer, God gevrees; 'n goeie man, goeie Presbiteriaan, Metodis, Baptis, of iets anders, sien, 'n baie goeie man. Maar eendag, het God gesê, "Hy is 'n goeie man; so Ek gaan hom na 'n byeenkoms stuur. Ek sal my prediker daar oorkant moet kry en hom Daarvan vertel." Goed.

So hy het 'n gesig gesien, gesê, "Gaan af na Joppa, en jy sal daar een genaamd Simon vind, 'n looier. En daar is een, Simon Petrus, daar binne. Laat hom opkom hiernatoe; hy sal jou die weg wys want hy het iets ontvang."

126 En terwyl Petrus daarbo gestaan het . . . En Kornelius sou daardie prediker aanbid. Hy sou. Maar Petrus het gesê, "Staan op. Ek is 'n man soos jy is."

"En terwyl Petrus nog hierdie woorde spreek," van hoe hulle teruggegaan het, in die begin by . . . Dieselfde dinge waarvan ek praat, hoe God beloof het om die Heilige Gees uit te stort. "Terwyl hy hierdie woorde spreek, het die Heilige Gees op hulle geval." Whew! Ja. Dis wat die Heilige Gees is, vir wie Dit is. Sekerlik. "En hulle was almal vervul met die Heilige Gees."

127 Nou let op in Efesiërs, daar was 'n Baptiste broer. Hy was eers 'n regsgeleerde, slim, intelligente man, die wet geken; groot man, 'n geleerde. Eendag het hy die Bybel begin lees, en hy het gesien daar sou een kom met die naam van die Messias. En toe hy dit gedoen het, tog, hy het begin hoor omtrent

hierdie Jesus, en hy het gesê, "Ek is oortuig. En ek bely openlik my geloof dat Jesus die Christus is, die Seun van God." Hy was 'n regte Baptis. Hier kom hy aan, "Ek bely openlik dat Jesus die Christus is." Hy het so baie gedoen totdat God hom in die bediening geroep het. God sal altyd praat met 'n opregte hart.

128 En daar was 'n klein ou tentmaker daar onder met die naam van Aquila en Priscilla, 'n man en vrou. Hulle was tentmakers. Handelinge die 18de hoofstuk, vertel julle daarvan. Paulus, hulle was vriende van hom. Hulle het die Heilige Gees ontvang onder die hande van Paulus en sy leer.

Hulle het gehoor daar was 'n herlewing daar oorkant, so hulle het oorgegaan. Daar was omtrent tien of twaalf wat dit bygewoon het. So hy het oorgegaan daarheen om daarna te kyk, en hy het hierdie prediker gehoor preek, die opregtheid van sy hart. Hy het gesê, "Julle weet, ek glo hy sou na die Waarheid luister."

So nadat die diens oor was, hy het hom agter om die tent geroep en gesê, "Kyk, ons het 'n klein broer omtrent so hoog, 'n klein hakneus Jood, en, maar wanneer hy oorkom, hy sal jou die Woord van God onderrig, duidelik." Wel, na 'n tydjie . . .

129 Paulus was in die tronk op dieselfde tyd. Verskriklike plek vir 'n moderne prediker, is dit nie? Maar hy was in die tronk, en die Here het hom daar binne gehad. So nadat die aardbewing gekom het, die tronk platgeskud het, het hy die tronkbewaarder en sy huisgesin geneem en hulle almal gedoop, in die Naam van die Here Jesus, en vertrek en oorgekom.

En hy het pas 'n duiwel uitgedryf uit 'n klein, ou meisietjie daar onder wat fortuin vertel het. En toe, hulle het 'n klomp geld uit haar gemaak, so hy het net hulle swendelary blootgelê, so hulle het hom daarvoor in die tronk gesit. En die Here het die tronk platgeskud, want hy het 'n klomp mense daar oorkant gehad om die Waarheid te hoor. Jy kan nie God se Woord bind nie. Daar is . . . Maak nie saak wat nie, jy kan nie. Jy kan dit net nie doen nie.

130 So hy het daarheen oorgekom na waar hierdie man was. En Aquila en Priscilla, miskien het hulle 'n paar toebroodjies gehad. En net dadelik na die toebroodjies geëet was, gesê, "Ons sal oorgaan na die herlewing."

Paulus het daar agter gesit en sy klein kleed vasgehou, en geluister na hierdie Baptis prediker wat preek.

Hy het gesê, "Dis goed wat jy preek, maar daar's bietjie meer Daarvan." Gesê, "Ek wil jou 'n vraag vra, Dr. Apollos. Het jy die Heilige Gees ontvang sedert jy geglo het?"

"O," het hy gesê, "ons het nie geweet dat daar is nie. Wat bedoel jy, met 'die Heilige Gees'? Ons is Baptiste."

Gesê, "Hoe weet jy jy is 'n Baptis?" Sien?

"Wel, ons was gedoop. Ons ken net die doop van Johannes."

Hy het gesê, "Hy het net gedoop tot bekering, gesê om 'te glo aan Hom wat sou kom,' dis aan Jesus Christus."

En toe hy dit gehoor het, is hulle oorgedoop, in die Naam van Jesus Christus. En Paulus het sy hande op hulle gelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het in tale gepraat en geprofeteer. Gesê, "wie ook al," nou.

131 Nou hoe doen ons dit? Ek wil julle iets vertel, dan sal ek. . . Ons sal afsluit, want dis, ek het julle gesê ek sal julle vroeg uitlaat. Julle weet wat die Heilige Gees is. Vir die laaste Skrif vir vanaand. . . Ek het nog 'n klomp hier onder, maar ons sal dit moet uitlaat. Laat ons oorblaai na I Korinthiërs 12. En dan sal ons dit lees, en dan sal ons—ons sal afsluit. Goed. I Korinthiërs, die 12de hoofstuk.

Hoeveel glo die leer van Sint Paulus? [Die vergadering sê, "Amen."—Red.] Sekerlik! Hy het gesê in Galasiërs 1:8, "As 'n Engel enigiets anders onderrig, laat hom vervloek wees," wat nog 'n prediker. "As 'n Engel uit die Hemel afkom en enigiets anders onderrig, laat hom vervloek wees." Sien, het niks daarmee te doen nie.

132 Nou kyk hierna, I Korinthiërs 12. Hoe—hoeveel weet dat ons in Christus moet wees om in die opstanding te gaan, want dis Sy Liggaam wat God beloof het om op te rig. [Vergadering sê, "Amen."—Red.] Daar is geen ander manier nie. Daar is nie 'n ander weg nie, as jy buitekant Christus is nie.

Jy mag *hier* terugkyk en aan Hom glo, sê, "Sekerlik, ek glo Hom. Hy is die Seun van God." Goed, my broer, ek is gereed om jou hand te skud wanneer jy dit sê. "Ek glo aan Hom. Ek sal Hom bely as my Saligmaker." Dis goed, maar jy is steeds nog nie in Hom nie. "Ek sal hande skud met die prediker. Ek sal my sondes bely." Dis steeds nie in Hom nie.

133 Nou kyk, sien wat Paulus gesê het, hoe jy in Christus kom. Hoe gaan jy geken word as die besnydenis? Abraham, hulle gee 'n teken. Luister hierna nou, I Korinthiërs, 12de hoofstuk, en laat ons begin by die 12de vers.

> *Want net soos die liggaam een is, en baie lede het, en al . . . lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook is Christus.* (Nie verdeel nie. "Een!")

Luister. "Want deur een kerk"? Hoe baie lees agter my aan? "Deur een handskud"? "Deur een water"? Nee. Dan is iemand verkeerd.

"Deur een Gees!" Is dit 'n hoofletter? Dis, "Heilige Gees," dan. Sien.

> *. . . deur een Gees is ons gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Heidene is, of ons slawe of vrymanne is; en ons is almal van een Gees deurdronge.*

134 Die Liggaam van Christus is een Gees, waar elke lid vanaf Pinkster tot hierdie tyd, drink van dieselfde nuwe Wyn, dieselfde Heilige Gees, dieselfde resultate voortbring. Hoe doen ons dit? "Deur een Gees."

Dis God se oop deur, die Heilige Gees. Wat is Dit? Dis God se oop deur. Dis 'n teken. Dis 'n seël. Dis 'n Trooster. Dis 'n Advokaat. Dis 'n versekering. Dis rus. Dis vrede. Dis goedheid. Dis genesing. Dis Lewe. Dis—dis God se oop deur na al hierdie dinge. Dis God se oop deur na Christus, wat het . . .

God het bewys dat Hy Jesus uit die dood opgerig het, en hulle wat dood is in Christus sal God saambring met Hom by die opstanding. "Bedroef nie die Heilige Gees waardeur julle verseël is in Christus tot die dag van julle verlossing nie." Whew! Hoeveel glo dit? [Vergadering sê, "Amen."—Red.]

135 Wat is Christus? Wat is die Heilige Gees? Dis nie iets waarvoor mense lag nie. Dit is iets waarvoor mense lag; maar dit is nie, vir die gelowige nie.

Vir die ongelowige! Ek wens ek het 'n lang twee of drie weke gehad, ek sou graag môreaand wou neem om julle te vertel wat Dit is vir die ongelowige. Laat my net deurgaan, net 'n tydjie. Dis 'n bespotting. Dis 'n strik. Dis 'n struikelblok. Dis dood. Dis Ewige verwydering van God. Ek kan net nie dink aan die dinge wat Dit vir die ongelowige is nie!

136 Onthou, dieselfde reën waarvoor die ongelowige gelag het, was dieselfde reën wat Noag en sy familie gered het. Sien?

Dieselfde Gees, Heilige Gees waarvan mense 'n bespotting maak en sê dis "mal, en 'n klomp malles, Dis kranksinnigheid," Dis dieselfde ding wat die Kerk sal Wegraap en Dit opneem teen die laaste dae; wat sal oordeel bring oor die ongelowiges. Dis reg. Dis wat die Heilige Gees is.

137 Geseënd is hulle . . . Mag ek dit sê, in die opregtheid van my hart. Geseënd is hulle wat honger en dors Daarna, want hulle sal gevul word.

138 Môreaand gaan ons praat oor hoe, wat Dit doen wanneer Dit kom.

139 Nou, hoeveel hier binne wil graag die Heilige Gees ontvang, en wil hê iemand moet vir jou bid, dat jy die Lig sal sien?

Julle weet "wat Dit is."

Nou, môreaand, gaan ons neem, "wat Dit doen."

140 Dan die volgende aand is, "hoe om Dit te ontvang." Dan gaan ons inroep, opgeleide mense hier hê en reguit ingaan in die kamers en daar bly, al neem dit dwarsdeur Kersfees, dis reg, totdat die Heilige Gees kom. Ons gaan Dit benader vanaf 'n verstandige Bybelse grondslag. Ons gaan Dit benader en Dit kry net soos God Dit beloof het, en Dit geval het aan die begin. Dis hoe ons hier is om dit te doen. Ek . . . Dit maak geen verskil wat enigiets sê nie, ons gaan . . .

Die Woord van God is . . . het voorkeur in my hart. Dis reg. En ek wil hê wat God vir my het. As daar enigiets meer is, open die Hemel, Here, want my—my hart is oop daarvoor. Dis reg.

141 Hoeveel wil Dit hê? Nou steek jou hand op, sê, "Bid vir my." Nou, terwyl julle bly, met julle hande op.

Hemelse Vader, ons het 'n lang tyd onderrig. Maar U Gees is hier. Daar is hande wat in die lug op is nou. En hulle weet wat Dit is, hulle weet wat die Heilige Gees beteken. Ek bid, God, dat voor hierdie byeenkoms sal eindig, dat elke hand hier binne opgesteek sal wees dat hulle Dit ontvang het. Skenk dit, Here.

142 Ons bid vir hulle. Ons vra U om hulle te seën en om hulle die begeerte van hulle harte te gee. Kyk na hulle hande, Here. Hulle het U lief. Hulle wil Dit hê. Hulle weet hulle kan nie gaan . . . Môreaand, as U my sal help, Here, ons kan dit bewys in die Skrif dat hulle nooit die Wegraping daarsonder sal maak

nie. So ek bid, Vader, dat U hulle honger en dors sal gee sodat hulle gevul kan word. Ek gee hulle nou aan U, Vader. En skenk hierdie seëninge, soos ons dit vra in Jesus se Naam. Amen.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Want Hy het my eerste liefgehad
En my saligheid gekoop
Op Golgota se boom.

143 Ek wil dit sê voordat ons weer sing. Ek wil vergader met 'n klomp predikers in die kamer hier, Vrydagaand, voor die diens begin, sien, Vrydagaand. Ek . . .

Julle sien wat ek probeer doen? Te wys wat Dit is, hoe om Dit te benader en wat om te respekteer; dan kom julle nie blindelings om in iets vas te stamp nie. Dis die rede ek het dit nooit gevra vanaand nie. Ek wil hê julle moet weet wat Dit is. Dis 'n belofte. Dis 'n seël. Dis die Trooster. Dis ensovoorts.

Dan, môreaand en die volgende aand, dan sal ons reg daar begin, daarvandaan af totdat Dit kom. Maak nie saak hoe lank dit neem nie; ons bly totdat. Maak skoon jou hart. Hy sal dit nooit instort in 'n vuil hart nie. Kom reg, wees gereed, en Hy sal dit skenk.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief (laat ons ons hande opsteek nou)
Want Hy het my eerste liefgehad
En my saligheid gekoop
Op Golgota se boom.

Die pastoor het nou net gesê, en ons stem saam, dat môreaand sal ons begin om sewe in plaas van sewe-dertig. En dit sal my toelaat om julle uit te laat om agt-dertig in plaas van nege-dertig. Om sewe der- . . . Om sewe-uur, môreaand, sal die sangdiens begin. Ek sal by my Boodskap wees om sewe-dertig.

Ek het Hom lief,

Laat ons ons sakdoeke uithaal en vir Hom waai.

Ek het Hom lief

Breek net af daardie formele neiging nou!

Want Hy het my eerste liefgehad
En my saligheid gekoop
Op Golgota se boom.

Goed, julle pastoor nou, Broer Neville.

Wat Is Die Heilige Gees?
(*What Is The Holy Ghost?*)
16 Desember, 1959, Woensdagaand

Waarvoor Is Die Heilige Gees Gegee?
(*What Was The Holy Ghost Given For?*)
17 Desember, 1959, Donderdagaand

Hierdie boodskappe deur Broer William Marrion Branham was gelewer in Engels by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A. Elke poging is aangewend om die boodskap noukeurig oor te dra vanaf die magnetiese band na die geskrewe bladsy, en is gedruk en versprei gratis deur Voice Of God Recordings. Herdruk in 2009.

AFRIKAANS

©1995 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org